# Excelsus Bulletin

**EXCELSUS LANDGOED**
**YOUR GATEWAY TO INTERNATIONAL GENETICS**

20 Julie 2008

Volume 3 Issue 3

## Kontak Besonderhede

**Hennie De Lange**
**(082) 455 1630**

**Graeme Currin**
**(082) 893 8147**

**Ian Currin**
**(082) 562 3212**

**Simon Hughes**
**(082) 491 8286**

**Hennie Wille**
**(082) 772 1013**

**Regstelling !!!!!!!!!!**

**Email Address**

**excelsusmc@mweb.co.za**

### Spesiale Punte van Belang

- Drie Beproefde Stoet Bulle verkoop
- Vyf jong potentiele Stoet bulle verkoop. (Almal in Stoet Gebruik)
- Mcix's "Pick of the Litter."
- 60 Top vroulike diere verkoop

## Sit jou Cowboy Hoed op en trek jou Boots aan vir "The Event 2008"

Excelsus Landgoed – "Gloria in Excelsus Deo"

Die Aandeelhouers en Bestuur van Excelsus Landgoed bedryf die taak wat God aan hulle opgelê het met uiterste deursigtigheid as rentmeesters oor God se grond, gras, reën, mense en ander hulpmiddels. Ons wil voorspoed vir almal by Excelsus skep en waarde toevoeg in die lewens van alle mense wat ons pad kruis.

Die slagspreuk "Gloria in Excelsus Deo" het dit wat ons wil bereik as rentmeesters van die geleenthede wat God ons bied perfek saamgevat.

So is die naam Excelsus landgoed gebore. Ons wil 'n verskil maak op alle terreine waar ons betrokke is.

Excelsus streef daarna om 'n voorkeur verskaffer te wees van Simbra en Bronsmara genetika vir die

stoet-asook die kommersiële bedryf.

Excelsus word bedryf en bestuur op 'n winsbegroting. Besluite is onderhewig aan 'n indiepte ondersoek na die winspotensiaal van projekte.

Met ons jaarlikse produksieveiling dv op die 21ste Augustus 2008 kan u verseker wees dat daar top genetika beskikbaar sal wees.

**Sien Julle Daar!!!!**

## Internasionale Semen uit die VSA verkoop op "Die Event" 21 Augustus 2008

In Excelsus se soeke om die beste genetika te bekom het ons internasionaal gereis, en vriende regoor die Simbra wêreld gemaak. Hierdie verhoudinge werp vandag dividende af vir Excelsus en hulle kliënte aangesien ons nou opwindende internasionale genetika met u kan deel. Bill Travis en Tim Smith van die VSA het saad van hulle top stoetbulle beskikbaar gestel om verkoop te word op "Die Event" 2008. Daar sal 125 strooitjies in lotte van 25 per bul aangebied word. "Die Event" 2008 sal as 'n vertoonvenster vir hierdie twee uitstaande stoeterye dien, waar u meer van hulle geskiedenis en teelprogramme te wete sal kom. Hierdie is 'n moet vir enige Simbra Stoetteler. Sien jou by

**"Die Event" 2008.**

**Die Beste Internasionale Semen – slegs beskikbaar by jou "One Stop Genetic Shop" - Excelsus Landgoed.**

# Pine Ridge Ranching

**Lot 28** **PRR Prevail**

**Lot 35** **PRR Prosper**

**Lot 28** **PRR Pantheon**

Bill en Jane Travis is 24 jaar besig met 'n 40 jaar lange teelprogram. Streng seleksiemetodes wat gefokus is op die Pine Ridge teel doelwit word gebruik. Die eenvormige vroulike diere wat deur Pine Ridge geteel word, is die bewys hiervan. Volgens Bill word geen kalf wat nie aan sy seleksie kriteria voldoen as teelmateriaal in die Pine Ridge kudde behou nie. Pine Ridge beeste is donkerrooi met swart velpigment vir beter hitte weerstand, goeie haar kwaliteit, baie lengte en struktureel korrek. 90% van die kudde is natuurlike poenskoppe en elke aspek van die totale teelprogram word gemeet, getoets en deeglik deurdink. Prevail is 'n La Muneca full House seun uit 'n PRR Pace Setter dogter, PRR DQ. Prevail is 'n teelwaarde "curve bender" met ondergemiddelde geboorte EBV's, fenominale groei op speen en ondergemiddelde volwasse EBV's. Prosper word nie aanbeveel vir gebruik op verse nie. Hy toon uitstekende groei en hy is geteel uit die topkoei Miss Maxima en hy het Blaze of Mississippi as oupa. Pantheon is geteel uit Miss Dazzling, ook 'n Pace Setter dogter. Hy het gemiddelde geboortesyfers met geweldige groei.

**Sien al die Pine Ridge bulle op**
**www.simbrah.com**

**Pine Ridge Koeie**

**Polled, Polled, Polled**
**Red, Red, Red**
**Medium Frame**
**White Blaze's**
**Brand New Genetics**
**Semen from our flask into yours!!**

## Smith Genetics

Tim Smith van Smith Genetics is 'n gerespekteerde en toegewyde lid van die American Breeders Assoc. Tim Smith het verskeie top Amerikaanse bulle soos Red Bullet geteel. Hy het sy eie embrio sentrum en hy teel huidig van die beste Simbrah genetika in die VSA.



Smith James Outlaw Lot 39

Hierdie uitstaande bul het homself menigmale bewys deur die talle top vroulike diere soos Miss Tulip en kleindogter Bella Bella, 2007 Houston kampioen te teel. Outlaw het ook bekende stoetbulle soos Smith Spitfire, Wild Fire en On Fire geteel. Alhoewel Outlaw homself as skoubul onderskei het, lê sy werklike waarde in sy voortreflikheid as stoetbul. Die twee bulle wat onlangs die Amerikaanse RGBVBIF bul toets gewen het is albei geteel uit Outlaw. Outlaw teel korrekte bene en kloue op sy seuns terwyl sy dogters goeie uiers het. Top Shelf is geteel uit die immergroen Smith Sergeant uit Tulip, 'n Outlaw geteelde ma. Tulip is 'n maternale half suster van Bella Bella. Outlaw en Top Shelf het gemiddelde geboorte EBV's met bogemiddelde groei EBV's.

Lot 17

**International Semen**

**PRR Prosper 25 Straws**

**PRR Prevail 25 Straws**

**PRR Pantheon 25 Straws**

**LMC Patriot 2 lots of 25 Straws**

**25 Straws of Smith Outlaw and Smith Top Shelf each.**

## La Muneca Patriot -La Muneca www.lamunecacattle.com

Patriot is 'n fantastiese bul geteel deur Carlos Guerra. Patriot het 4 uitstaande koeie in sy stamboom, almal deel van Carlos Guerra se 2007 " Dream Team" Hierdie "Dream Team" het van La Muneca die " Power House" stoet gemaak wat dit vandag is. Adriaan Odendaal sê dat 'n bul so goed sal teel as sy ma en koei lyne. Patriot is geteel uit die Smith geteelde bul, Red Bullet en die top embrioskenker Adalida wat 'n maternale halfsuster is van die beroemde Full House. Red Bullet se ma She Moves is moontlik die bekendste Simbrah koei in die VSA vandag. She Moves is geteel uit die embrio skenker koei LMC5C-35. Patriot is geselekteer deur Greame Currin en Johan de Jager uit 'n groep van 20 bulle as die bul met die meeste breedte, korrekte struktuur, gladde haarkwaliteit, rooi kleur en wit bles. Patriot en sy volbroer LMC Warrior was die 2 duurste bulle op die MAS 2007. Patriot staan huidiglik by ons goeie vriend Skip Butler in Texas. Patriot word in SA as 'n F3 geklassifiseer. U kan die eerste Patriot kalwers sien by "Die Event" 2008.

## Uitstaande vroulike genetika aangebied

Excelsus Trust Simbras 3de Simdex kudde van die jaar 2007

Lot 14

**AZ0465B Cathy ge KI met Patriot**

hulle in die Excelsus kudde sou bly. Geen moeite is ontsien in die paring van hierdie vroulike diere nie. Ons doen met trots ons beste aanbieding ooit op ons veiling. Vir "Die Event" word vroulike diere aangebied soos byvoorbeeld Cathy wat gepaar is met Patriot en een van ons beste koeie Charlise wat dragtig is van Bekerovka asook Disco wat met 'n Mcix verskalf loop en dragtig is van Zorro.

Vir "Die Event" is diere uit al die ouderdomgroeperinge geselekteer. Aangesien die kudde kwaliteit hoog is, was dit 'n moeilike keuse om die finale groep vir die veiling saam te stel. Die veilingsdiere is bestuur asof

Lot 29

**HDL99245A Charlise dragtig van Becherovka**

## Puik "right type" koie

Lot 18

**HDL025B Disco met n Mcix versie en ge KI met Zorro**

enige stoet of kommersiële kudde toevoeg.

Lot 21

**AZ0251B dragtig van Mcix**

## Kudde vry van BM and TB 2008

AZ0251 Shus is 'n Tingeling kleindogter en nog 'n puik dier wat van Mcix dragtig is. Coffee is 'n Excelsus Blou dogter wat uitstekend teel en dragtig is van Geneous. Zamugo Koba is 'n Langman dogter uit 'n puik ou koei Wisp Will Koba. Die Excelsus 2008 aanbieding sal waarde aan

Lot 7

**HDL02117B Coffee dragtig van Geneous**

Lot 1

**AZ0326C Koba dragtig met Mcix**

**Top females breed great bulls and are the corner stone to any successful cattle enterprise**

## Simmentaler "Corner" Sanjika Simmentalers - Ian Currin

Lot 118

Lot 121

Sanjika het altyd daarna gestreef om vroegryp, geharde Simmentalers wat uitsonderlike breedte en kapasiteit het te teel. Die huidige hoë graanpryse het vereis dat vandag se beeste met minder graan sal moet afrond. Die vroegryp Sanjika Simmentalers voldoen aan hierdie vereistes.

Die Sanjika aanbod van 20 Simmentaler bulle op die Excelsus produksieveiling sluit twee bloedrooi stoetbulle uit onverwante bloedlyne in. Op "Die Event" sal koeie met kalwers van hierdie twee stoetbulle aangebied word.

Die Sanjika Simmentaler bulle is kliphard en geteel vir die Natalse strawwe winters, suurveld en berge. Die Sanjika bulle is vir twee jaar ekstensief grootgemaak en voorberei in die Vrystaat

sanjika SIMMENTALERS

**Contact**
**Ian Currin**
**(082)562 3212**

# Bulle Bulle Bulle

Alle Bulle is drie keer skoon getoets vir Trichomoniase, is vrugbaar deur Vrede Diere Laborotorium verklaar, is skoon vir Bvd getoets, is TB vry, is BM saam met die hele kudde skoon en is vir alle heersende siektes ingeent.

**Lot 30Taudicus Geneous**

Een van die breedste Poenabulle wat ons by Excelsus gesien het. Geno het 'n agterkwart soos min, puik hoewe, goeie mobiliteit en uitsonderlike temperament. Dit, saam met die poena faktor, blink fyn haarkleed en sterk manlikheid maak van hom 'n besondere stoetbul. Hy is 'n Wisp Will Genie seun, wat geteel is deur Gerry Vlok van die Taudicus kudde. Die Taudicus kudde was een van die vrugbaarste kuddes in SA. Geno is gebruik in ons kudde en word aangebied as 'n beproefde stoetbul.

**Lot 85 Greywing**

Die eerste seun van Diana's Gugi wat ooit by Excelsus verkoop gaan word. Greywing is geteel uit 'n prag F1 koei wat aanhou goeie beeste teel en ook een van die vrugbaarste koeie by Excelsus is. Greywing het goed geskou en is gebruik as skoonmaakbul in ons KI program. Hy is nie vir gebruik op verse nie. Greywing sal uitsonderlike groei aan enige kudde gee. Gebruik Greywing op grootraam koeie om bespiering te verbeter.

**Lot 99 Zamugo Xenophanes**

Xenophanes is 'n Zamugo geteelde bul uit Wisp Will Enos. Enos se seuns het op ons 2006 veiling met die hoogste pryse gespog. Xeno is uit dieselfde patroon geknip. Sy ma is 'n uitmuntende Wisp Will koei met 'n simdex van 105. Sy is tans in die kudde van BJP Farming Groep.

## Excelsus Chris HDL02157A

**Chris**

**Lot 88 Chest**

n Prentjie spreek 'n duisend woorde. Die bul Chris se manlikheid en adel het hom 'n ware skoubul gemaak. Hy dra sy fotogeniese eienskappe oor aan al sy seuns. Chris se belangrikste bydrae tot Excelsus is die medium raam en hard bespierde diere wat hy teel. Sy versies is uiters korrek en sy seuns sterk manlik. Chris en al sy seuns is veilig om op verse te gebruik. Hy teel goed op die meer Simmentaler tipe koeie en sit "oor" aan op al sy kalwers. Chris se libido, adel, temperament, persoonlikheid en beweeglikheid het hom een van Excelsus se geliefkoosde bulle gemaak. Excelsus bied met trots Chris seuns by "Die Event" 2008 aan.

Sien julle daar!!!

**Lot 82 Cheka**

**Lot98 Cats**

**Lot 94 Creol**

## DIE APPEL VAL NIE VER VAN DIE BOOM AF NIE!!!!

## -Chris seuns verkoop op "Die Event" 2008.

Die Chris seuns wat op "Die Event" 2008 verkoop is die eindproduk van noukeurige paring om die ideale tipe Simbra te teel. Ons het die uitstaande groei teelwaardes van bulle soos Tingeling, Metsibra UDM9453B en Migkar gemeng met Chris se meer Brahman tipe eienskappe. Uit hierdie parings het ons mooi bulle geteel wat groeikragtig is en boonop met veiligheid op verse gebruik kan word. Chest is self in Excelsus gebruik op verse. Hy is geteel uit 'n Metsibra UDM9453B dogter met die naam Gala. Sy is een van ons beste koeilyne. Gebruik Chest om verse oop te maak. Cheka is uit Ula, 'n Migkar dogter en het gemiddelde groei syfers. Cats en Creol is albei Tingeling kleinseuns met goeie groei syfers. Al Chris se seuns is struktureel korrek en sal op die meer Simmentaler tipe Simbra beeste goed teel.

**"The Event 2008"**

## Excelsus Mcix HDL04112C die "SIGNATURE" bul op "Die Event" 2008.

Hierdie Excelsus geteelde superster het sy skoubuiging saam met sy ma wat 3de in die uierklas gestaan het, gemaak by die 2005 Vryburg Internasionale Kampioenskappe. Mcix het reeds sedert geboorte potensiaal gewys. Hy het op verskeie skoue goed gevaar. Mcix se werklike waarde as uitmuntende stoetbul het eers aan die lig gekom nadat sy eerste kalwers gebore is. 'n Beperkte hoeveelheid saad van Mcix is in 2007 beskikbaar gestel aan sekere stoeterye in SA en Namibië. Sy kalwers is klein by geboorte waarna hulle vinnig groei. Mcix nageslag is van die perfekte Simbra tipe. Hy teel F3 en F4 kalwers wat soos F1 lyk. Mcix het in 2007 die beste bulletjie en versie by Excelsus geteel. Mcix self en een van sy kalwers word op " Pick of the Litter" verkoop tydens "Die Event" 2008.

**Mcix—Pick of The Litter**

Hierdie is 'n unieke geleentheid om 'n Mcix geteelde kalf uit die somer speengroep te koop. Kopers sal die geleentheid kry om te bie op hierdie groep kalwers.

Die hoogste bieder sal daarna 'n bul of verskalf van sy keuse uit hierdie groep kies

**Mcix Kalfies**

**Bie op al die 2007 gespeende Mcix Kalwers en kies een om u teel program te bevorder.**

**"Pick of the Litter"**

### Polled Red and Breeding. Zorro

Zamugo Zorro is een van die vlagskipbulle op "Die Event" 2008. Hy is beslis een van die beste bulle op die veiling. Zorro is die 2007 Pretoria Ras-en-Blup kampioen. Hy teel rooi met witblesse, lank met goeie breedte en uitstaande temperament. Zorro is 'n F2 en die resultaat van die paring van twee uitstekende diere. Hy is 'n Enos seun uit die poenskop koei Marleigh Tabitha. Zorro sal goed teel op medium raam Brahman tipe diere.

### Sernick Voere

11 Julie 2008

**Voorbereiding van bulle vir veiling:**

Die voorbereiding van bulle vir veilings verskil van die vetmaak van supers in die slagmark deurdat die groei so beheer moet word dat skeletvorming en spierontwikkeling in verhouding korrek verloop. Vetneerlegging moet ook nie oordadig plaasvind nie.

Met die gebruik van Sernick Fase C HPK of Fase C meel word die gewenste resultate bereik. Die produkte is hoog in natuurlike proteïene, laag in NPN bronne en nie te hoog in energie nie.

*Starter en Grower ration*: Sernick Fase C HPK 500kg

Mieliechop 420kg

Melassemeel 80kg

Ruvoer gemaal 50kg

Aanpassingsperiode: Dag 1 – 7 1% van liggaamsmassa kg Ration gevoer + bale hooi adlib
Dag 7 – 10 1.5% van liggaamsmassa kg Ration gevoer + bale hooi adlib
Dag 10 + Adlib Ration + bale hooi adlib

*Finisher Ration*:
2 Maande pre-auction gee grower +5% cottonseed vir ekstra olies wat bulle se haarkleed mooi laat blink.

Die ideaal is om bulle op korrekte kondisie te hê 2 – 3 weke voor veilingdatum. 'n Ekstra 10% gemaalde ruvoer word nou by die rantsoen ingemeng om die rumen beter voor te berei vir wanneer die bulle moet terug veldtoestande toe.

Die baie natuurlike proteïene het 'n positiewe uitwerking op die proses van spermatogenese en verhoog die lewenskragtigheid van die sperma self vir goeie saadtellings.

Voldoende vreetspasie, beweegspasie asook skoon, koel drinkwater is van uiterste belang vir die verkryging van die gewenste resultate.

Kriek Van Niekerk Sernick Voere (076) 757 6771

**Excelsus**

Graeme Currin
0828938147
excelsusmc@mweb.co.za
excelsuslandgoed.co.za

Roodepoortjie Farm
P.O. Box 60
Oranjeville
1995

**'n Paar gedagtes t.o.v die toekoms van die vleisbedryf:**

Daar wag 'n uitdagende tyd vir die beesvleisbedryf. Daar is heelwat risikos en terwille van oorlewing kan die karakter van die bedryf, soos ons dit tans ken verander. Rolspelers moet bedag daarop wees dat, saam met probleme, daar geleenthede is wat benut kan word.

Die Vleisbedryf is deesdae die grootste landboubedryf in Suid Afrika met 'n brutowaarde van R51 miljard. Verbruikers neig weg van styselprodukte na protëine soos vleis .Hierdie feit moet beslis toekomstige geleenthede bied.

Veepryse het vir die periode Maart 07 tot Maart 08 met 17,1% gestyg teenoor graan prysstygings van 51,5%. Veeboere se winsgewendheid word onder druk geplaas deur inset kostestygings wat die 17,1% prysverhoging oorskry. Die verswakkende ekonomiese vermoë van die verbruiker sal veroorsaak dat veepryse in 2009 sywaarts sal beweeg waarna dit in 2010 moontlik skerp kan styg. Dit is waarskynlik nou die tyd om te konsolideer. Elke boerderypraktyk behoort onder die vergrootglas geplaas te word. Raak ontslae van dit wat nie effektief en winsgewend is nie. Insetkostebestuur en effektiwiteit moet die prioriteit wees van die rolspelers.

Prominente voerkrale bemark self hulle produkte in die groot en kleinhandelsektore. Rooivleis prysstygings sal moeilik geabsorbeer kan word deur die eindverbruiker. Voerkostes sal ook vir die nabye toekoms hoog bly en selfs styg. Hierdie koste-druk gaan voerkrale dwing om terwille van oorlewing speenkalfpryse laag te hou of matig te laat styg.

As gevolg van hierdie redes sal dit my nie verbaas as ons 'n tendens oor die langertermyn sal sien waar minder speenkalwers deur die voerkraalsisteem sal beweeg nie. Ek voorsien dat osboerderye sal toeneem ten koste van speenkalfproduksie. Namibië waar graan baie duur is, is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

Met dit in gedagte is hierdie 'n strategiese geleentheid vir produsente om koste-doeltreffende, natuurlik geproduseerde beesvleis aan die mark te voorsien. Die antwoord is vroeër ryp diere wat markgereed van die veld af bemark kan word.

Rooivleis en witvleis kompeteer beide in die vleismark. Daarom is dit 'n hoë prioriteit om rooivleis soos witvleis as 'n basiese voedsel te klassifiseer om sodoende BTW vrystelling te verkry. Indien dit nie gebeur nie sal witvleis 'n voordeel bo rooivleis by die verbruiker hê.

| Wêreldstreke | Produksie 2050 | Potensiële groei |
|---|---|---|
| **Afrika** | | |
| Vleisproduksie | 28 Milj ton | 132% groei |
| **Asie** | | |
| Vleisproduksie | 239 Milj ton | 121% groei |
| **Australie en Nieu-Zeeland** | | |
| Vleisproduksie | 7 Milj ton | 80% groei |
| **Noord en Sentraal Amerika** | | |
| Vleisproduksie | 73 Milj ton | 44% groei |
| **Europa** | | |
| Vleisproduksie | 87 Milj ton | 66% groei |
| **Rusland** | | |
| Vleisproduksie | 18 Milj ton | 88% groei |
| **Suid-Amerika** | | |
| Vleisproduksie | 101 Milj ton | 168% groei |

**Gevolgtrekking**

Suid-Amerika sal die beeslvleismark domineer met sy uitstekende natuurlike hulpbronne vir veeproduksie.

Afrika kan die volgende veeproduksie groeipunt word aangesien hy ook oor goeie natuurlike vleisproduksie hulpbronne beskik. Struikelblokke wat uit die weggeruim moet word is politieke onstabiliteit , verbeterde infrastrukture en siekte kontrole en beheermaatreëls.

Produsente moet 2008 en 2009 gebruik om hulself te posisioneer vir moontlike geleenthede vanaf 2010

Hennie de Lange

***Bemarkers Ian Currin en Hennie Wille se***

Die Simbra aanbieding op die Exelsus 2008 produksieveiling bied vir beide die Stoet teler en Kommersiele beesboer 'n uitstekende geleentheid om die bulle te bekom wat hulle soek.

Hennie en Graeme het jare terug al begin om die tipe Simbra wat die mark vandag soek, te teel.

Die bulle is hard en sal niemand in die steek laat nie

Ian Currin Simbra Genootskap (082) 562 3212

Namens Elite Afslaers is dit 'n groot voorreg om betrokke te wees vir die afgelope drie jaar, by so 'n stoet waar alles reg gehanteer word.
Ons wil u attent maak op die kwaliteit van die diere wat uit die stoet kom, dit is van hoogstaande gehalte.

Die bulle wat aan ons kliente verkoop is in die verlede is baie tevrede met hulle aankope.

Nou doen ek 'n beroep op die Stoet kopers sowel as die Kommersieële kopers om op die 21ste Augustus 2008 te Poortjie by Excelsus Landgoed die dag saam met ons te kom geniet, dit sal beslis die moeite werd wees.

Elite Groete Hennie Wille (082) 772 1013